# KOERSVAS

Jaargang 10 Uitgawe 213
21 April 2023

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Waarnemende-redakteur: Oudl. Jaco de Ridder

**In hierdie uitgawe:**
**Redaksioneel**
**Berigte - Kuratorium**
**- Predikanteberaad**
**Kennisgewings - Bybelvasvra 2023**

## REDAKSIONEEL

### Groen teologie

Geen meer boeretroos vir jou nie – dis omgewings-onvriendelik en dra by tot verhoging in kweekhuisgasse! Die *Amerikaanse Nasionale Akademie vir Wetenskap*, voorspel dat meer as 90 persent van die grond in Latyns-Amerika alleen wat tans vir koffieproduksie gebruik word, weens klimaatsverandering ongeskik gaan raak vir die verbouing daarvan. Hulle blameer ’n kombinasie van klimaatsveranderings-effekte, veroorsaak deur hoër temperature en verskuiwende reënval-patrone, hiervoor.

Die mens as beide die oorsaak van klimaatsverandering sowel as die enigste moontlike “redder” van die aarde indien groen en volhoubaar geleef word is die basis vir ’n nuwe groen teologie.
Die huidige groen beweging het sy oorsprong reeds in die 19de eeu met die Industriële revolusie en het toe reeds gefokus op die bestryding van besoedeling en die bewaring van natuurlike hulpbronne. Hierdie bewustheid het in die 1960’s ’n oplewing ervaar en het integraal vervleg geraak met kwessies soos menseregte en pasifisme. Groen teologie se fokus vandag is dan ook op onder andere die voorkoming van klimaatsverandering en bevordering van sosiale geregtigheid. In groen teologie is die intrinsieke waarde van alle lewende dinge ewe belangrik en menslike belange mag nie bo dié van ander spesies en die natuurlike wêreld geplaas word nie.
Ons rentmeesterskap en sorg vir die aarde word deur “groen” teoloë as die belangrikste Goddelike opdrag beskou. Die hel word deur hulle beskryf as die apokalips, veroorsaak deur omgewings-verval en klimaatsverandering en ons moet poog om hierdie kwessies deur teologiese besinning, geestelike praktyke, en sosiale en politieke optrede aan te spreek. Dit het die “groen kerk” se verantwoordelikheid geword om die mensdom te red van die gevolge van omgewingsvernietiging.

Die groen teologie kom al hoe sterker na vore, nie net in die sekulêre samelewing nie, maar ook in die Christendom. Dit lei tot die ontwikkeling van ’n nuwe natuur-evangelie. Die boodskap wat uitgedra moet word is nie meer die Bybelse boodskap van ons sonde en redding van God se oordeel daaroor deur Christus nie, maar ’n nuwe groen lewenswyse waarmee ons self ’n bydrae moet lewer om sodoende die aarde te red.. Daarmee saam kom ’n nuwe humanistiese omgewingsgesentreerde etiek, en gemeenskapsinisiatiewe wat daarop

gemik is om volhoubaarheid te bevorder en die omgewing te beskerm.

Apokaliptiese "einde van die wêreld" klimaat-waarskuwings word al vir meer as 50 jaar verkondig.
Reeds in 1966 is gemaan dat ons binne tien jaar alle fossiel-brandstof sal opgebruik. In 1972 is weer gewaarsku - hierdie keer dat ons binne twintig jaar die aarde se oliereserwes sal opgebruik.
In die 1970's is die voorspellings gewees dat die aarde 'n nuwe ystydperk in die gesig staar. Hierdie herhaalde waarskuwings van 'n komende ystydperk is in die 1980 omgeswaai en daar is sedertdien alarm gemaak oor globale verwarming en die styging in seevlakke wanneer al die poolys sou smelt.
Vir 'n aantal jaar sedert 1974 is daar gewaarsku dat die mensgeïnduseerde "gat" in die osoonlaag ons almal gaan verbrand. Die ontdekking dat hierdie verdunning van osoon 'n natuurlike, sikliese verskynsel is, het die doemprofete sekerlik teleurgestel.
Elke "klimaatsprofesie" wat onvervuld gelaat is, word vervang met 'n nuwe waarskuwing van komende klimaats-verwoesting waar die apokalips se tyd telkens 'n paar jaar aangeskuif word. Tans word die koolstofdioksied($CO_2$) vlakke as aanduider van die aarde se voorspelde vernietiging gebruik. God se rol as lotsbeskikker word ook hierin ontken. Daar word voortdurend gewaarsku dat die "hemelhoë" $CO_2$-vlakke gaan lei tot uitsterwing van plant en dier. Wat egter nie vermeld word nie is dat die gevolge van hoër $CO_2$ vlakke logaritmies is. Dit beteken dat die temperatuur-styging in verhouding minder is soos die $CO_2$ konsentrasie toeneem. Hoe meer $CO_2$ in die atmosfeer is, hoe beter groei plante - met "optimale" fotosintetiese plantegroei wat eers sal plaasvind by $CO_2$ konsentrasies van 0.12% van die samestelling van die atmosfeer. (Ons huidige $CO_2$-vlak is egter drie keer minder as dit – tans ongeveer 0.04% - ~$5.1\times10^{18}$kg $CO_2$.) $CO_2$ vlakke vroeër in die aarde se geskiedenis word egter as ordes hoër bereken – tussen 0.4% en 0.8% in die Paleosoïese tydperk! Wat ook nie in berekening gebring word tydens emosionele gesprekke oor kweekhuis-gasse en aardverwarming nie, is die natuurlike vrystelling van $CO_2$ as gevolg van byvoorbeeld vulkaniese uitbarstings (ongeveer 51 000 000 000kg $CO_2$ per jaar). Gaan 'n styging in $CO_2$ vlakke 'n invloed op klimaat kan hê – natuurlik ja. Gaan dit lei tot aardvernietiging - beslis nie!

Dit raak al hoe moeiliker om die nuutste "reddingspogings" deur die groen beweging te onderskei van Aprilgek-grappies.
Die stad Haarlem in Nederland het 'n verbod geplaas op alle buitemuurse advertensies vir vleisprodukte – dit is gedoen in die naam van omgewings-bewaring. Die redenasie daaragter (of gebrek aan redenasie?) is dat vleis-produksie bydra tot die huidige klimaat-krisis en dat sulke advertensies dus sleg is vir die omgewing.
In Nieu-Zeeland word beplan om beeste en skape se uitlaatgasse te belas in die naam van omgewingsbewaring.
Die mensdom word uit verskeie oorde aangemoedig om eerder insekte as vleis in hulle dieet te oorweeg omdat boerdery-bedrywighede kwansuis so sleg vir die omgewing is.

’n Studie het bevind dat vetsug onder Amerikaanse kinders toeneem en dat hulle 30% minder fiks is as ’n geslag gelede. Die blaam hiervoor word egter op klimaatsverandering geplaas – dit is weens die warmer weer dat kinders minder buite kom om te kan oefen!
Nog ’n tragiese geval van “klimaats-versteuring” is dié van ’n Belgiese man wat selfmoord gepleeg het omdat hy geglo het dat hy daardeur ’n bydrae lewer om die omgewing te red. Die mees skrikwekkende deel van hierdie tragiese verhaal is egter dat hy deur ’n kunsmatige intelligensie (AI) kletsbot oorreed is om homself op te offer ter wille van die omgewing.

Om volgens die “groen beweging” se riglyne te wil lewe het egter in meeste gevalle ongelukkig juis ’n negatiewe impak op die omgewing.
Die vernietigende effek van windkrag-turbines op plaaslike voëllewe word liewers verswyg. So ook die omgewingsvernietigende impak van enorme oopgroefmyning om te probeer voorsien aan die roumateriale nodig vir die vervaardiging van “omgewings-vriendelike” batterysisteme en sonkrag-panele. Die feit dat feitlik alle “hernubare” energiebronne ’n rakleeftyd het waarna dit vervang moet word en iewers weggegooi moet word, is ook iets wat nie in groen geselskap geredelik bespreek word nie.

Die impak van die mens op die omgewing kan natuurlik nie ontken word nie. Kyk maar na die vernietiging van habitat deur onetiese mynbedrywighede en die uitwissing van spesies deur onoordeelkundige stroping. Om egter te beweer dat die mensdom self die redder van die aarde en mensdom kan wees deur blindelings aan die nuutste klimaats-gebooie gehoorsaam te wees, is 'n dwaling. So 'n siening het niks met Bybelse rentmeesterskap te make nie, maar is die skep van net nog ’n nuwe afgod.

Ons ewige woning is nie op hierdie aarde nie. Die aarde is aan ons gegee om (verantwoordelik) te benut. Laat ons daarom eerder as om ons te steur aan ’n valse groen teologie, vashou aan God se belofte aan Noag in Genesis 22: “*So lank as die aarde bly bestaan, sal saaityd en oestyd nie ophou nie, ook nie koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie.”*

Oudl. Jaco de Ridder

# BERIGTE

## KURATORIUM

**VERSLAG VAN DIE KURATORIUM-VERGADERING OP VRYDAG 10 MAART 2023 OM 10:00 TE ROODEPOORT**

Di. Gawie Wolmarans en Johan van Wyk het opdrag gekry om ’n vergadering vir die Kuratorium te belê. Hierdie vergadering het op 10 Maart 2023 aan huis van ds. Johan van Wyk te Roodepoort plaasgevind.
Die vergadering verkies die volgende persone eenparig:

Voorsitter: Ds. Wolmarans
Sekretaris: Ds. Van Zyl
Vise-voorsitter: Ds. Van Wyk
Vise-sekretaris: Oudl. Esterhuizen

**TEOLOGIESE OPLEIDING**
Opleiding/werwing van predikante:
Gesprek met die Gereformeerde Kerk Teologiese Skool (hulle het reeds telematiese opleiding): Ds. Wolmarans het ’n afspraak

met proff. Francois Muller en Henk Stoker gehad. Die Gereformeerde Kerk se sinodebesluit is dat, met die oog op die skuif na ’n privaatinstelling weg van die universiteit af, daar beoog word om modules in blokke te doen.

Ds. Wolmarans verwys verder na die praktyk in Amerika: as ’n persoon alreeds ’n B-graad het, laat Amerikaanse universiteite hom toe om ’n teologiediploma te verwerf.

Hierdie plan vir opleiding wil geensins die prediking vervlak tot lekeprediking nie. Die praktyk laat ons (die Kerk) nie regtig met ’n ander keuse nie as om ’n leerplan op te stel en van daar af ’n kursus uit te werk. Die doel is om aan die behoefte aan die vraag na predikante te voorsien. Sonder predikante kan die kerk nie voortgaan nie. Die Bond het predikante gister nodig gehad. Hoe vervang ons predikante in die Bond?

Die plan is om mense wat oor tersiêre opleiding beskik en reeds werk te identifiseer, hulle oor ’n drie-jaar tydperk op te lei om as ’n predikant in ’n gemeente te kan funksioneer. Dit sal ’n wetenskaplik-akademiese opleiding wees. Hulle het m.a.w. reeds ’n inkomste en is nie afhanklik van wat ’n gemeente kan betaal vir lewenskoste nie.

Daar is twee moontlikhede vir opleiding:

- Vakgebiedgedrewe kurrikulum – verwerf grade aan ’n universiteit.
- Praktykgedrewe kurrikulum.
  Laasgenoemde is wat die Bond se drie jaar opleiding sal behels.

Die werk van die akademiese komitee sal egter voortgaan as oplossing op die medium-termyn, en gesprekke met die Gereformeerde Kerk en ander moontlike kerke moet voortduur. Hierdie is ’n tussentydse reëling sodat bediening in die kerk kan voortgaan.

Die Kuratorium het dus twee maniere van opleiding in gedagte:

1. Die formele opleiding wat akkreditasie insluit by tersiêre instellings en gesprek met ander kerke oor die saak.
2. Formele opleiding wat nie akkreditasie insluit nie. ’n Formele kursus word intern aangebied.

Die akademiese komitee het reeds vakinhoude van die onderskeie kundiges in die Bond ontvang. Die kuratorium het die komitee versoek om ’n drie-jaar praktykgerigte kursus daar te stel.

Dit is vir die kuratorium belangrik om die vraag “*Wat verwag die kerk van ’n dominee?*” op die voorgrond te stel. Om al die predikante en die amp van die ouderling te betrek, kan ’n groepsgesprek nodig wees om elkeen se opinie te kry van wat die inhoud van ’n kursus moet wees. Dit kan bepalend wees vir watter boeke gebruik sal kan word. ’n Kurrikulum sal samewerkend met die akademiese komitee daaruit kan ontwikkel. Die predikanteberaad kan die geleentheid wees om die plan voor te lê en te verduidelik.

Hierdie kan die Bond se drie-jaar diploma in teologie word. Jaarlikse verdere opleiding behoort ’n verpligte noodsaaklikheid te wees. Die voorstel sal aan die Bondsvergadering voorgelê word.

Kerkrade en predikante word versoek om die Handleiding vir Ouderlinge en die Handleiding vir Diakens, Kital-studiegidse en die toerustinglêers, Kital blou en rooi lêers wat nie deur gemeentes gebruik word nie, aan die kuratorium te stuur sodat daaruit ’n sinvolle toerustingspakket saamgestel kan word, en ook in die oorspronklike formaat aan gemeentes beskikbaar gestel word. Kontak oudl. Pieter Esterhuizen by 082 375 8392 of oudl. Klasie Grobler by 083 232 6310.

**TOESIG OOR GEMEENTES:**

Visitasies: Volgens ’n Bondsbesluit van 2019 het die kuratorium die opdrag gekry om riglyne op te stel vir visitasie. Ds. Jaap Steenkamp het reeds riglyne opgestel. Die kuratorium gaan die riglyne binnekort aan die Bondsgemeentes versprei vir gebruik.

**TOESIG OOR PREDIKANTE:**
Posisie van onaktiewe geakkrediteerde predikante:
Daar is predikante wat nie beroep wil word nie. Hulle moet so te kenne gee sodat die kuratorium dit op die beroepslys kan aandui. Predikante is dan nie beroepbaar nie, maar steeds geakkrediteer.

**DIE TEOLOGIESE INHOUD VAN DAGSTUKKIES EN OORDENKINGS. MAATSTAWWE VAN BEOORDELING:**
Daar het klagtes ingekom oor sommige Lewensbrood dagstukkies sowel as sommige Oudio-oordenkings(WhatsApp-boodskappe). Klagtes gaan hoofsaaklik oor twee sake:
- Daar word dele uit die Bybel gelees wat glad nie verband hou met die dagstukkie/ oordenking nie.
- Die teologie wat verkondig word, is nie Hervormde teologie nie.

Predikante moet daarop let dat dit internasionaal geleesde of geluisterde stukke is. Die naam van die Bond moet nie in die skande gebring word nie. Die kuratorium verwag van 'n dagstukkie of oordenking dat die boodskap, die boodskap van die Bybelgedeelte moet wees. Daardie boodskap moet uitgedra word en agtergrond moet verskaf word om dit te verbind. Let daarop dat die dagstukkies en oordenkings se Skrifuitleg Skrifgetrou moet wees. As daar swak dagstukkies/oordenkings onder die Geloofsbond se naam gedruk of uitgestuur word, moet die kuratorium die waarheid van die Evangelie beskerm.
- Die kuratorium het die Lewensbrood-redakteur versoek om 'n redaksie saam te stel wat bereid is om die teologiese inhoud van stukke vooraf na te gaan en te beoordeel. Die kuratorium is bereid om met hierdie taak te help om ook sodoende die Lewensbroodredakteur, dr. Johan Otto se taak ligter te maak.
- Die kuratorium besluit om ouderlinge-vergaderings van gemeentes van die Bond om die beurt te taak om, aan die hand van die vooraf-opgestelde maatstawwe, 'n verslag te voltooi oor die kwaliteit van dagstukkies/oordenkings.

Die kuratorium sal vir predikante terugvoer gee oor die verslae wat ontvang word.

**EREDIENSTE DEUR PROPONENTE VAN DIE GEREFORMEERDE KERK:**
Proponente van die Gereformeerde Kerk mag by Bondsgemeentes kom preek. Die voorwaarde is dat GHG-kerkrade verslag moet doen oor die prediking aan die Gereformeerde Kerk se kuratorium.
Oudl. Jaco de Ridder kry opdrag om pro forma-vorms op te stel sodat ouderlinge dit kan gebruik vir onderskeidelik die beoordeling van die dagstukkies/ oordenkings van die Bondspredikante en die preke van die Gereformeerde Kerk se proponente.

Ds. Antoinette van Zyl
SEKRETARIS: KURATORIUM

## PREDIKANTEBERAAD

**VERSLAG VAN DIE PREDIKANTEBERAAD 13-14 APRIL 2023 TE THERESAPARK**

Tydens die predikanteberaad is daar oor verskeie temas saam gedink en menings gelug. Hierdie is gedagtes en menings van indiwidue wat nog behoorlik deurgepraat moet word. Vanuit die beraad is verskeie voorstelle vir die komende Bondsvergadering geformuleer waar daaroor besluit kan word.

**Geskrewe teologiese verantwoording t.o.v. NHKA-dwalinge**
Geskiedskrywing en om elke gemeente en predikant se storie in die NHKA-dwaling te vertel, is noodsaaklik. Dit is belangrik om die Bond se geskiedenis gedokumenteer te kry. 'n Brondokument moet saamgestel word waarin al die gemeentes se geskiedenis bewaar is. Dit moet ook toeganklik wees sodat dit deur die webwerf beskikbaar kan wees om byvoorbeeld meer te wete te kom

oor die maagdelike geboorte van Christus. Dr. Fanie Pretorius het reeds begin met so ’n neerskryf van gebeure en geskiedenis. Predikante en gemeentes is versoek om hulle ervarings met die NHKA as ’n skriftelike dokument vir dr. Pretorius te stuur. Feitelike bewyse soos notules, korrespondensie en dies meer kan aangeheg word. Daar kan ook kort video’s gemaak word waarin betrokke persone kan vertel wat gebeur het. Hierdie dokumentering is ook noodsaaklik vir die bewusmaking onder lidmate en die publiek oor wat werklik gebeur het. ’n Voubiljet met die inligting oor die verskille tussen die Geloofsbond en die NHKA en skakels na die brondokument moet saamgestel en versprei word.

**Moontlike benaderings tot ’n eie kerkorde**

Die bespreking het die volgende vrae en menings op die tafel gesit:

- Daar is ’n Bondsbesluit dat die Geloofsbond die NHKA se 2010 kerkorde as riglyn gebruik totdat ’n eie kerkorde daargestel kan word.
- Dit het implikasies indien die kerk nie ’n kerkorde het nie.
- Dit is belangrik om ’n kerkorde of ’n “Bondsorde” te aanvaar wat ná aanvaarding sal groei.

*Die verhouding tussen kerkorde en landswet*

- Die praktyk leer dat in dissiplinêre aangeleenthede predikante geneig is om hulle op landswette te beroep.
- Sekere inhoude van die kerkorde sal altyd in stryd wees met die landswet.
- ’n Kerkorde moet verwys na die gedeelte in die grondwet wat die eie toelaat.

*Kerkorde en identiteit*

- ’n Kerkorde definieer wie die kerk is.

*Inhoud van ’n kerkorde*

- ’n Wet word vir die uitsondering geskep en nie vir die reël nie.
- Funksionering van ampsdraers en gemeentes moet uitgespel word, ’n kerkorde moet nie (net) gaan oor moets en moenies vir die leraars nie.
- Ons moet ’n kerk wees van die Woord en nie ’n kerk van die kerkorde nie.
- Daar moet vooraf vasgestel word watter sake in ’n kerkorde aangespreek moet word.
- Laat sake wat op die terrein van die arbeidswetgewing lê op die arbeidsreg.
- Daar is reeds praktyke gevestig wat verskil van die 2010-kerkorde. Byvoorbeeld: Daar is gemeentes wat werk met ’n kerkraad sonder aparte ouderlinge- en diakens-vergaderings.
- Daar is nuutgestigte gemeentes wat nie ’n vereniging het nie.
- Die probleme wat die kuratorium oor die afgelope aantal jare hanteer het, moet in ’n kerkorde/gedragskode aangespreek word.

*Die skryfproses*

- Gemeentes moet uitspel watter probleme hulle met die 2010-kerkorde het sodat daaraan aandag gegee kan word in die skryfproses vir ’n eie kerkorde.

*Die belang van ’n kerkorde*

- ’n Kerkorde beskerm die onderlinge eenheid.
- Die eintlike eenheid lê in eenvormige eredienste.
- ’n Kerkorde het net waarde in soverre dit toegepas word.
- Geloofsbondgemeentes en predikante is sensitief oor sekere dele van die kerkorde waarmee hulle deur die NHKA bestraf en veroordeel is. Daar moet egter onthou word dat hoe die kommissie van die NHKA die kerkorde as ’n lat gebruik het, nie ’n kerkorde sleg of verkeerd maak nie.
- Hoe sou die kerk gelyk het as daar nie ’n kerkorde was nie?

*Die gesag van ’n kerkorde*

- ’n Kerkorde het nie absolute gesag nie.

**Grense tussen onafhanklikheid en samehorigheid**

Die Bond loop die gevaar om onafhanklikheid wat ’n verkeerde woordkeuse is, bo eenheid te stel.

Die Bond moet leer praat van ***selfstandigheid*** eerder as onafhanklikheid. Dit was die bedoeling van die begin van die Bond af dat gemeentes selfstandig sal funksioneer, maar nog steeds ’n onderlinge geloofsband deel.
Ons moet dringend daaraan aandag gee om as een kerk met mekaar saam te werk.

**Voor- en nadele van ’n gedragskode vir predikante**
Ds. Frans Oosthuizen het die bespreking ingelei en die beraad maak na die bespreking die volgende gevolgtrekkings:
‘n Gedragskode vir predikante kan riglyne uitspel van die verwagting van die Bond, gemeentes en predikante self aangaande die leer en lewe van dienaars van die Woord. Party beskou ’n gedragskode as ’n geloofsdokument en ander beskou dit as ’n kode wat ’n interne geskil of dispuut en selfs ’n regsproses kan vergemaklik.

**Vestiging van ’n eenvormige teologie**
Almal teenwoordig was dit eens dat die Geloofsbond ’n Hervormde teologie wil besig en verkondig. Daar is ’n behoefte om oor teologiese kwessies met mekaar in gesprek te tree. Die liturgie in die erediens en verkondiging deur die prediking, oordenkings en dagstukkies behoort die Hervormde teologie en karakter uit te dra.

**Tekort aan predikante**
Ds. Johan van Wyk lei hierdie bespreking in en som die gesprek in die volgende punte op:
1. Die algemene kommer oor die predikantetekort.
2. Die algemene insig dat die tradisionele sesjaar-opleiding vanweë finansies asook tekort aan kandidate nie moontlik is nie.
3. Dié met voorbehoude is in ooreenstemming dat eie opleiding noodsaaklik is.
4. Dat volwasse en selfversorgende gelowiges die moontlikheid vir kandidate is.
5. Dat 'n driejaar-kurrikulum ontwerp word wat met tyd verfyn en verander sal word.
6. Dat die poging slegs tydelik is op soek na 'n meer permanente opleiding-struktuur.
7. Dat die konsep in September aan die Bondsvergadering voorgelê word vir implementering in Januarie 2024.

**Bearbeiding van potensiële groeipunte**
Daar is groeipunte binne die Bond waar dringend predikante benodig word. Die Tuinroete word geïdentifiseer as die groeipunt waarop die kuratorium eerste moet fokus om eredienste en pastorale sorg daar te stel. Ds. Ronel Eckard sal gedurende Augustus eredienste gaan lei, ds. Rita van Antwerpen gedurende September en ds. Rudi Schoeman sal 25 Desember die Kersdiens lei. Indien daar nog predikante is wat bereid is om daar te preek, laat weet asb. vir ds. Antoinette van Zyl. Daar moet ’n beroep op lidmate en oud-kerkraadslede in die omgewing van George en Mosselbaai gedoen word, om ook met ds. Van Zyl kontak te maak. ’n Lokaal of ’n gebou moet spoedig geïdentifiseer word waar dienste gehou kan word sodat daar ook na digitale dienste vir die toekoms gekyk kan word.

**Metodes om eienaarskap van die Geloofsbond by elke predikant te vestig**
Geleenthede soos die predikanteberaad bied die platform waar predikante nie net onderling kan skakel nie, maar ook kan besef dat daar nie ’n *hulle* is nie, maar ’n ***ons!*** Ons is in diens van die Heer van die kerk, hierdie kerk is die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes. Roeping beteken om gehoorsaam te volg en om te behoort waar die ware kerk manifesteer. Predikante en kerkrade moet aangemoedig word om die besprekings en vergaderings by te woon en deel te neem aan byvoorbeeld die oordenkings en Bybelvasvra.

**Reiskoste om kleiner vergaderings by te woon**

Ds. Louis Alberts verwys na 'n tabel wat deur oudl. Jaco de Ridder vir die kuratorium opgestel is waarin dit blyk dat vergaderings op 'n sentrale punt eerder as 'n verspreiding oor punte, goedkoper uitwerk. Die beraad besin ook oor die maniere waarop reiskoste onderling versprei kan word, eerder as dat die las telkens op 'n indiwidu of 'n gemeente geplaas word.

Dank aan ds. Rudi Schoeman en Theresapark wat gasheer vir die beraad was. 'n Spesiale dankie aan die susters wat heerlike kos voorsien het.

Ds. Antoinette van Zyl
SEKRETARIS: KURATORIUM

# KENNISGEWINGS

## BYBELVASVRA

Die jaarlikse Bybelvasvra vind DV op Sondag die 30ste Julie 2023 plaas. Bestek: Rut en algemene Bybelkennis (elk 50% van die vraestel)...
Rig enige navrae aan ljstrauss@lantic.net

## DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com